Contracted Services		2 531 636	
Depreciation and Amortisation		22 144 494	
Employee Related Cost		19 049 774	
Interest Dividends and Rent on Land		15 927 855	
Inventory		3 544 955	
Operational Cost		405 200	
Costing: overheads (dept charges)		43 551 482	
<b>TOTAL EXPENDITURE</b>	<b>272 360 578</b>	<b>801 229 532</b>	<b>10.60%</b>
<b>TOTAL INCOME</b>	<b>-310 086 305</b>	<b>-338 360 730</b>	<b>9.12%</b>
<b>(SURPLUS)/DEFICIT</b>	<b>-37 724 728</b>	<b>-37 131 198</b>	
	13.65%	12.33%	
<b>Service : 1300 WATER</b>			
** SALARIES, WAGES & ALLOWANCES	16 672 855		
** GENERAL EXPENSES	28 603 555		
** REPAIRS & MAINTENANCE	9 905 705		
** CAPITAL CHARGES	37 871 229		
EMPLOYEE RELATED COST		17 250 742	
OPERATIONAL COST		203 755	
BULK PURCHASES		3 263 296	
CONTRACTED SERVICES		7 588 743	
INTEREST DIVIDEND RENT ON LAND		18 022 914	
DEPRECIATION AND AMORTISATION		18 968 653	
INVENTORY		12 596 587	
Costing: overheads (dept charges)		16 584 152	
<b>TOTAL EXPENDITURE</b>	<b>93 067 457</b>	<b>94 938 892</b>	<b>2.02%</b>
<b>TOTAL INCOME</b>	<b>-90 871 825</b>	<b>-102 644 773</b>	<b>5.06%</b>
<b>(SURPLUS)/DEFICIT</b>	<b>-3 814 371</b>	<b>-7 705 881</b>	
	4.10%	8.12%	
<b>Service : 1400 WASTE WATER MANAGEMENT</b>			
** SALARIES, WAGES & ALLOWANCES	18 433 913		
** GENERAL EXPENSES	9 734 044		
** REPAIRS & MAINTENANCE	8 439 440		
** CAPITAL CHARGES	24 486 503		
Bulk Purchases		720 915	
Contracted Services		6 493 574	
Depreciation and Amortisation		17 060 567	
Employee Related Cost		17 409 311	
Interest Dividends and Rent on Land		7 783 445	
Inventory		4 729 979	
Operational Cost		255 724	
Costing: overheads (dept charges)		9 550 955	
<b>TOTAL EXPENDITURE</b>	<b>61 094 000</b>	<b>64 109 571</b>	<b>4.93%</b>
<b>TOTAL INCOME</b>	<b>-63 324 700</b>	<b>-60 025 090</b>	<b>5.00%</b>
<b>(SURPLUS)/DEFICIT</b>	<b>-2 230 700</b>	<b>-2 022 319</b>	
	3.65%	4.40%	
<b>Service : 1500 WASTE MANAGEMENT</b>			
** SALARIES, WAGES & ALLOWANCES	20 315 436		
** GENERAL EXPENSES	25 859 582		
** REPAIRS & MAINTENANCE	1 789 307		
** CAPITAL CHARGES	5 524 816		
** CONTRIBUTION TO PROVISIONS	3 000 000		
EMPLOYEE RELATED COST		21 432 276	
OPERATIONAL COST		4 821 959	
CONTRACTED SERVICES		18 432 173	
INTEREST DIVIDEND RENT ON LAND		1 751 952	
DEPRECIATION AND AMORTISATION		9 159 240	
INVENTORY		2 666 294	
Costing: overheads (dept charges)		8 545 653	
<b>TOTAL EXPENDITURE</b>	<b>56 499 141</b>	<b>62 809 547</b>	<b>11.10%</b>
<b>TOTAL INCOME</b>	<b>-50 130 000</b>	<b>-59 544 160</b>	<b>6.08%</b>
<b>(SURPLUS)/DEFICIT</b>	<b>3 69 141</b>	<b>3 265 387</b>	
	-0.84%	-5.20%	
<b>Notes</b>			
1. Disparity of expenditure categories from implementation of m&COA.			
2. Increased refuse expenditure resulting from new waste disposal infrastructure			
3. Secondary costs indicated in line with previous allocations + 5%.			
4. The waste management deficit addressed in para. 1.4.5			



Table 6 Comparison of proposed rates to be levied for the 2015/16 financial year

Tariff Code	Detail	2015/2016		2014/2015		
		Exclude VAT	Include VAT	Exclude VAT	Include VAT	
RATB9	YEAR OF GENERAL VALUATION (2 JULY 2011)					
RATE1	Commercial Land and Improvements	0.0000	0.0000	0.0000	0.0000	0.00%
RATE2	Commercial Land and Improvements * 30% reduced rate for 50 years and 60 years applications	0.0000	0.0000	0.0000	0.0000	0.00%
RATE3	Workshop Properties (Industrial Properties)	Applicable Rate for Commercial or Residential	Applicable Rate for Commercial or Residential	Applicable Rate for Commercial or Residential	Applicable Rate for Commercial or Residential	
RATE4	Workshop Properties (Property and Plant Equipment)	0.0000	0.0000	0.0000	0.0000	0.00%
RATE5	Industrial (Other) Buildings (FF - in total rates for 4% to 10% increased rates will be levied)	0.0000	0.0000	0.0000	0.0000	0.00%
RATE6	Building Clusters	0.0000	0.0000	0.0000	0.0000	0.00%
RATE7	Domestic Properties (Other)	0.0000	0.0000	0.0000	0.0000	0.00%
RATE8	Industrial Properties	0.0000	0.0000	0.0000	0.0000	0.00%
RATE9	Commercial Properties (Commercial)	0.0000	0.0000	0.0000	0.0000	0.00%
RATE10	Commercial Properties (Residential)	0.0000	0.0000	0.0000	0.0000	0.00%

PLEASE NOTE: VAT IS LEVIED AT A RATE OF 0% ON ASSESSMENT RATES

Die verhoging in Erfbelasting is deurgaans 6,85% en verdere kommentaar hierop word nie geag nodig te wees nie.

Table 7 Comparison between current water charges and increases (Domestic)

Tariff Code	Detail	2015/2016		2014/2015		
		Exclude VAT	Include VAT	Exclude VAT	Include VAT	
W1B	CONSUMPTION - HOUSEHOLDS					
	Normal Tariff					
W1B1	0 - 6 kl per kl	3.62	4.13	3.25	3.71	11.50%
W1B2	7 - 18 kl per kl	9.12	10.39	8.60	9.80	6.00%
W1B3	19 - 30 kl per kl	14.79	16.86	13.95	15.90	6.00%
W1B4	31 - 45 kl per kl	22.76	25.95	21.48	24.48	6.00%
W1B5	46 - 60 kl per kl	29.57	33.71	27.90	31.81	6.00%
W1B6	>60kl per kl	39.43	44.95	37.20	42.40	6.00%

Met verwysing na die styging in die koste van huishoudelike watervoorsiening is alle koste stygings op 6% vasgestel behalwe die van 0 to 6 Kl wat met 11,5% styg.

Waar kom hierdie styging vandaan? Volgens die Munisipaliteit is dit die gevolg van 'n tarief verhoging aan diegene wat tans moet betaal vir hulle water in hierdie kategorie met die doel om die koste van water voorsiening te verhaal. Hiermee het ek in beginsel geen probleem nie.

Dit sou egter meer regverdig wees om die koste van water wat vermors word deur bv. brandkrane wat nie toegedraai word nie of pype wat swak herstel word, bars ens. van die totale koste af te trek voordat hierdie verhogings bereken word. Hierdie "verbruik" is deur die toedoen van die Munisipaliteit en sy werknemers en behoort dus vir die rekening van die Munisipaliteit te wees.

Ek wil dit verder ook aan die Munisipaliteit stel dat hierdie verhoging moontlik nie nodig sou wees of dan heelwat laer sou kon wees indien daar verhoogde produktiwiteit was en indien hulle van oortollige en/of onbekwame personeel in hierdie Departement ontslae geraak het.

Swak werk moet oor gedoen word – dit verhoog kostes! Werkers wat onproduktief is verdien 'n Inkomste, al doen hulle nie veel nie – dit verhoog kostes! Onbekwame personeel kan nie die werk na behore doen nie en dan is die Munisipaliteit, na my mening, net te gretig om Kontrakteurs aan te stel om die werk te doen sonder om die reeds aangestelde werkers in die pad te steek – 'n verdere bydraende faktor tot die hoë kostes wat dan maar gerieflikheidshalwe van die Verbruiker verhaal moet word om die Departement op 'n winsgewende grondslag te kry.

Wie ookal vir hierdie voorstel om die tarief te verhoog verantwoordelik was, net die volgende: Kry asseblief eers julle huis in orde voordat julle weer sulke stommitete in die Begroting opneem en op die Verbruiker afdwing!

Dit wil voorkom asof die Munisipaliteit net daarop ingestel is om die koei, genaamd Verbruiker, te melk en dit glad nie eers oorweeg om daaraan te dink dat daar dalk net 'n probleem aan hulle kant kan wees nie! Om die Verbruiker se sak te tap is eenvoudig die maklikste uitweg! So – "Go for it"!!

Indien die minder gegoede deel van die bevolking wat in hierdie kategorie val, nou meer vir hulle water moet betaal, wat wel die geval blyk te wees, is ek van mening dat die Munisipaliteit se slegte skuld 'n aansienlike hupstoot gaan kry. Nie noodwendig omdat die mense nie wil betaal nie maar veel eerder omdat hulle nie kan betaal nie!

Ons moet in gedagte hou dat 'n geraamde 68,4% van die Overstrand Streek se Inwoners minder as R76.400 per jaar verdien.

Table 8 Comparison between current electricity charges and increases (Domestic)

Tariff Code	Detail		2015/2016		2014/2015		
			Exclude VAT	Include VAT	Exclude VAT	Include VAT	
<b>E1A</b>	<b>Two-Part Tariff: Credit meters up to 60 Amp (13.8 kVA BDMD) (Including Resorts)</b>						
E1A1	Basic Monthly charge per meter	R	216.83	247.19	204.56	233.20	6.00%
	kWh Unit cost						
E1A2	1BT BLOCK 1 0 - 350 kWh	e	107.67	122.74	95.66	109.39	12.20%
E1A3	1BT BLOCK 2 351 - 600 kWh	c	145.88	168.30	130.02	148.22	12.20%
E1A4	1BT BLOCK 3 > 600 kWh	o	175.82	200.43	156.70	178.64	12.20%
<b>E1B</b>	<b>Two-Part Tariff: Pre-Paid up to 60 Amp (13.8 kVA BDMD) (Included Resorts)</b>						
E1B1	Basic Monthly charge per meter	R	216.83	247.19	204.56	233.20	6.00%
	kWh Unit cost						
E1B2	1BT BLOCK 1 0 - 350 kWh	e	59.45	113.38	68.84	101.05	12.20%
E1B3	1BT BLOCK 2 351 - 600 kWh	c	137.46	158.71	122.52	139.87	12.20%
E1B4	1BT BLOCK 3 > 600 kWh	o	169.00	192.88	150.82	171.71	12.20%

Die basiese heffing per meter styg met 'n aanvaarbare 6%.

Ten opsigte van die verbruik is die styging deur die Bank 12,2% soos deur NERSA aanbeveel.

Table 9 Comparison between current sanitation charges and increases (Domestic)

Tariff Code	Detail	2015/2016		2014/2015		
		Exclude VAT	Include VAT	Exclude VAT	Include VAT	
<b>SE7A</b>	<b>SEWERAGE - SINGLE AND INTERMEDIATE RESIDENTIAL (Dwelling house and Duplex flats, Conventional Sewers, small bore sewers and conservancy tanks)</b>					
SE7A1	0 - 35kl per kl (based on 70% of 50kl water usage) per unit per month Conservancy tank service only during office hours per month For after hours service, refer to tariff SE9B	10.88	12.40	10.26	11.70	6.00%
<b>SE8</b>	<b>BASIC CHARGE</b>					
SE8A	Basic Monthly Charge Developed sites per erf/unit per month	96.61	110.13	91.14	103.90	6.00%

Tarief verhogings in hierdie afdeling styg met 6%.

Table 10 Comparison between current waste removal fees and increases (Domestic)

Tariff Code	Detail	2016/2018		2014/2015		
		Exclude VAT	Include VAT	Exclude VAT	Include VAT	
SAN1	REFUSE REMOVAL (1 removal per week of 4 bags or 1X240 Bin)	R	R	R	R	
SAN1A	Residential (All registered erven/urfs with approved building plan) 1 x removal per week (R/Month)	137 99	157 30	130 19	148 42	6 00%

Hierdie tariewe styg met 6% wat aanvaarbaar is. Ten opsigte van die bedrag wat drie jaar gelede gehef is om die koste van die vervoer van vullis na Gansbaai te verhaal, het ek begrip vir die Munisipaliteit se verduideliking dat die geld nou aangewend moet word om te betaal vir die ontwikkeling van Karwyderskraal en 'n nuwe sel by Gansbaai.

Dit is egter kommerwekkend dat die Munisipaliteit, toe die verhoging drie jaar gelede ingestel is, slegs melding gemaak het van die verhoogde uitgawes ten opsigte van vervoer. Daar is dus 'n persepsie by die publiek geskep dat dit slegs 'n tydelike verhoging sou wees. Dit blyk nou dat hierdie heffing van 'n meer permanente aard is en ek is van mening dat die Munisipaliteit meer duidelikheid aangaande hierdie heffing aan die Publiek verskuldig is.

Table 12 Summary of operating expenditure by standard classification item

Description	2011/12	2012/13	2013/14	Current Year 2014/15			2015/16 Medium Term Revenue & Expenditure Framework		
	Audited Outcome	Audited Outcome	Audited Outcome	Original Budget	Adjusted Budget	Full Year Forecast	Budget Year 2015/16	Budget Year +1 2016/17	Budget Year +2 2017/18
<b>Expenditure By Type</b>									
Employee related costs	207 936	231 642	260 645	280 066	276 217	276 217	291 593	305 408	323 583
Remuneration of councillors	6 717	7 084	7 933	8 516	8 516	8 516	8 874	9 192	9 741
Debt impairment	28	6 688	12 526		22 792	22 792	22 792	22 792	22 792
Depreciation & asset impairment	104 041	104 408	99 361	109 265	105 461	105 461	111 362	118 043	125 126
Finance charges	31 727	37 331	39 927	45 162	44 480	44 480	46 895	46 780	47 279
Bulk purchases	126 669	145 022	157 056	169 444	169 444	169 444	153 573	221 138	252 628
Other materials	54 582	12 441	13 595	17 295	17 315	17 315	70 885	69 631	53 593
Contracted services	24 079	67 697	72 754	81 062	81 875	81 875	126 986	129 953	137 344
Transfers and grants	28 454	35 856	38 749	41 370	41 668	41 668	48 497	54 667	62 244
Other expenditure	158 290	102 148	117 460	117 407	164 357	164 357	55 251	59 890	63 924
Loss on disposal of PPE		1 756	12 017						
<b>Total Expenditure</b>	<b>742 525</b>	<b>752 070</b>	<b>832 022</b>	<b>869 588</b>	<b>832 125</b>	<b>832 125</b>	<b>977 508</b>	<b>1 037 483</b>	<b>1 098 202</b>

EMPLOYEE RELATED COSTS:

Hierdie koste toon die volgende stygings:

2011/12 = 11,0%	R207.938 /30K HUISHOUDINGS P.J. R6.931 /12 =	R578 P.M.	
2012/13 = 11,4%	R231.642	R7.721	R643
2013/14 = 12,5%	R260.645	R8.688	R724
2014/15 = 6,0%	R276.217	R9.207	R767
2015/16 = 5,6%	R291.593	R9.720	R810
2016/17 = 4,7%	R305.408	R10.180	R848
2017/18 = 6,0%	R323.583	R10786	R899
2018/19 = 8,2%	R350.117	R11.671	R973
2019/20 = 8.2%	R378.826	R12.628	R1.052

Of die geskatte begrotings vir die tydperk 2015 tot 2018 haalbaar is, moet nog gesien word. Alle aanduidings is dat Staatsdiens Amptenare gaan aandrings op verhogings van meer as 10% en sou hulle dit nie kry nie, beplan hulle 'n staking. Die vraag is nou of ons Munisipale werkers gaan agteroor sit en kyk hoe die Amptenare in die Staatsdiens en moontlik ook ander Munisipaliteite verhogings van 10% en meer kry terwyl hulle met slegs 5,6% tevrede moet wees.

'n Ander punt om in gedagte te hou is die groeiende bevolking in die Overstrand gebied (7de vinnigste in die land). Om tred te hou met die groeiende bevolking en die eise op Dienslewering wat dit tot gevolg gaan hê, sal die Werkerskorps noodwendig daarby aangepas moet word. Dit plaas onmiddellik 'n vraagteken agter die 4,7% verhoging vir 2016/17 en die 6,0% vir die 2017/18 Boekjare.

Hierdie verhogings kan alleenlik realisties wees indien die Top Bestuur dit regkry om die produktiwiteit in hul onderskeie Departemente te verbeter. Iets waaroor daar al jare gepraat word en waaraan daar net mooi niks gedoen is nie. Waarom sal daar in die volgende jaar of drie 'n klemverskuiwing kom?

Dit het wel onder my aandag gekom dat die Munisipaliteit 'n Konsultante Maatskappy se dienste ingeroep het om te help om produktiwiteit in die Munisipaliteit te verhoog. Wat die uitkoms van hierdie studie gaan wees, sal nog gesien moet word.

Verder is dit een ding om die studie te laat doen en 'n verslag van die konsultante op die tafel te kry. Die implimentering daarvan is totaal en al 'n ander uitdaging!

Indien die personeel wat geraak gaan word, nie ten volle inkoop en hulle kant bring nie, en die toesighouers nie na behore toesig hou en eienaarskap neem vir die werkspanne onder hulle beheer nie, is die hele operasie 'n mors van tyd en geld. Gaan die Munisipale Top Bestuur voldoende maatreëls in plek stel om die aanbevelings van die Konsultasie Maatskappy af te dwing en volhoubaar te monitor?

Die bostaande tabelle toon ook aan dat die Belastingbetaler in 2011/12 slegs R578 per maand tot die Salarisse van die Munisipale Werknemers bygedra het. Na verwagting sal hierdie bydrae styg tot R1.052 per maand in 2019/20. Die Salarisse van Raadslede is nie hierby ingesluit nie en vergoeding aan Kontrakteurs is ook nog uitgesluit.

#### CONTRACTED SERVICES:

Die volgende stygings word in die Begroting weerspieël:

2011/12 = 18,9%	R24.079 /30K HUISHOUDINGS P.J.	R803 / 12 =	R67
2012/13 = 181,2%	R67.697	R2.257	R188
2013/14 = 7,5%	R72.754	R2.425	R205
2014/15 = 12,5%	R81.875	R2.729	R227
2015/16 = 55,1%	R126.986	R4.232	R353
2016/17 = 2,3%	R129.953	R4.332	R361
2017/18 = 5,7%	R137.384	R4.580	R382
2018/19 = 38,7%	R190.551	R6.352	R529
2019/20 = 38,7%	R264.295	R8.810	R734

Is die verhogings in die Jare 2012/13 en 2015/16 die gevolg van nuwe kontrakteurs wat aangestel is of nog aangestel gaan word?

Dit is kommerwekkend dat die bedrae aan Kontrakteurs in 2011/12 slegs R67 per huishouding per maand beloop het teenoor 'n geskatte R734 per maand in 2019/20. Alhoewel die syfers vir 2018/19 en 2019/20 op gemiddeldes bereken is, het ons geen waarborg hoegenaamd dat dit minder sal wees nie. Hierdie syfers is gegrond op die gemiddeld van die historiese sowel as verwagte begrotingsyfers vir die jare 2011/12 tot

2017/18. Ons kan maar slegs vertrou dat die Munisipaliteit hulle daarvan sal weerhou om sommer net vir die lekker daarvan Kontrakteurs aan te stel om werk gedoen te kry.

Die dienste van Kontrakteurs behoort slegs oorweeg te word, eerstens, wanneer die koste om 'n spesifieke diens te lewer goedkoper deur 'n kontrakteur gedoen kan word as deur die Munisipaliteit self en tweedens, in die geval waar die Munisipaliteit werklik nie oor die vermoë beskik om 'n sekere werk te kan doen nie. Hier dink ek as voorbeeld aan die bou van teerstrate waar gesofistikeerde masjiene en 'n grondige kennis van die werking daarvan nodig is.

EMPLOYEE RELATED COSTS + CONTRACTED SERVICES:

Die gekombineerde Begroting vir die twee betrokke kategorië lyk soos volg:

2011/12 = 11,8%	R232.017 / 30K HUISHOUDINGS P.J.	R7.734 /12 =	R645 P.M.
2012/13 = 29,0%	R299.339	R9.978	R832
2013/14 = 11,4%	R333.399	R11.111	R926
2014/15 = 7,4%	R358.092	R11.936	R995
2015/16 = 16,9%	R418.579	R13.953	R1.163
2016/17 = 4,0%	R435.361	R14.512	R1.209
2017/18 = 4,0%	R460.967	R15.366	R1.281
2018/19 = 12,1%	R540.668	R18.022	R1.502
2019/20 = 12,1%	R643.121	R21.437	R1.786

'n Verdere berekening is ook hier gedoen om die styging in die koste vir hierdie gekombineerde kategorie te bepaal vir die tydperk 2011/12 tot 2015/16 en 'n styging van 80,4 % is bereken. Kan ons so voortgaan? Wat is die kans om in die volgende 4 tot 5 jaar 'n verdere styging van 80% in die Salaris en Kontrakteur kostes te absorbeer?

Uit die bostaande berekenings blyk dit asof die kontrakteurs aangestel is sonder om werklik 'n dienooreenkomstige besparing in die salaris rekening te sien. Hoe volhoubaar kan hierdie praktyk vir die Belastingbetaler wees?

Hou asseblief in gedagte dat die syfers vir 2018/19 en 2019/20 bereken is op die gemiddelde syfers vanaf 2011/12 tot 2017/18.

Die bostaande tabel toon aan dat die gesamentlike betaling ten opsigte van Salarisse en Kontrakteursfooie in 2011/12 slegs R645 per maand per huishouding beloop het. Hierdie syfer verhoog tot 'n geskatte R1.786 per huishouding per maand in 2019/20.

Die Munisipaliteit sal hierdie aangeleentheid indringend moet ondersoek en daadwerklike stappe moet neem om te voorkom dat dinge verder handuit ruki

REMUNERATION OF COUNCILLORS:

Die volgende verhogings is aan Raadslede toegeken:

2011/12 = 38,8%	R6.717 /30K HUISHOUDINGS P.J.	R224 / 12 =	R19 P.M.
2012/13 = 5,5%	R7.084	R236	R20
2013/14 = 12,0%	R7.933	R264	R22
2014/15 = 7,4%	R8.516	R284	R24
2015/16 = 1,8%	R8.674	R289	R24
2016/17 = 6,0%	R9.192	R306	R26
2017/18 = 6,0%	R9.741	R325	R27
2018/19 = 11,1%	R10.822	R361	R30
2019/20 = 11,1%	R12.024	R401	R33

Die vraag is nou waarom daar 'n verhoging van slegs 1,8% aan Raadslede toegeken word vir die 2015/16 boekjaar?

Is dit om moontlike ongereverdigde verhogings in die verlede (38,8% in 2011/12) reg te stel of probeer hulle gesig koop in die lig van die naderende Munisipale Verkiesings?

Sou die Raadslede die verhoging van 38,8% in 2011/12 wil regstel, is ek bevrees hulle sal maar nog vir 'n jaar of wat langer sonder verhoging moet gaan!



TOTAL OF EMPLOYEE RELATED COSTS, CONTRACTED SERVICES AND REMUNERATION OF COUNCILLORS:

2011/12 = 12,4%	R238,734 / 30K HUISHOUDINGS P.J.	R7.958 /12 =	R663 P.M.
2012/13 = 28,4%	R306,423	R10.214	R851
2013/14 = 11,4%	R341,332	R11.378	R948
2014/15 = 7,4%	R366,608	R12.220	R1,018
2015/16 = 16,5%	R427,253	R14.242	R1,168
2016/17 = 4,1%	R444,553	R14.818	R1,234
2017/18 = 5,9%	R470,708	R15.690	R1,308
2018/19 = 17,2%	R551,490	R18.383	R1,531
2019/20 = 18,8%	R655,145	R21.838	R1,820

Uit die bostaande berekenings is dit duidelik dat die Belastingbetaler in 2011/12 R663 per maand aan koste spandeer het om die werk gedoen te kry. Na verwagting kan hierdie bedrag in 2019/20 R1.820 beloop, 'n styging van 174,5% vir die tydperk.

Ek is van mening dat die Werksmag nie in dieselfde verhouding gestyg het nie. Daar is wel hoër salarisse oor die tydperk betaal maar na my beskeie mening lê die probleem juis daarin dat die Munisipaliteit kontrakteurs aanstel waar die mense wat aangestel is om die werk te doen onbekwaam is. Hierdie mense word dan in diens gehou teen 'n salaris wat vir die Belastingbetaler net onbekostigbaar geraak het. Waar gaan dit eindig as ons nie beswaar aanteken nie?

TOTAL EXPENDITURE:

Die totale uitgawes volgens die begroting styg as volg:

2011/12 = 15,4%	R742,525 /30k HUISHOUDINGS P.J.	R24,750 /12 =	R2,063 P.M.
2012/13 = 1,3%	R752,070	R25,069	R2,089
2013/14 = 10,6%	R832,022	R27,734	R2,311
2014/15 = 12,0%	R932,125	R31,071	R2,589
2015/16 = 4,9%	R977,508	R32,584	R2,715
2016/17 = 6,1%	R1,037,493	R34,583	R2,882

2017/18 = 5,9%	R1,095,292	R36,510	R3,043
2018/19 = 8,0%	R1,182,915	R39,430	R3,286
2019/20 = 8.0%	R1,277,549	R42,585	R3,549

Dit wil voorkom of die totale uitgawes vir sommige van die jare wat nagegaan is, met minder as die heersende Inflasie koers gestyg het. Dit wil dus lyk of die Munisipaliteit hulle uitgawes onder beheer het. As ons egter na die gemiddeld kyk wat weereens op die historiese sowel as die verwagte persentasies bereken is, kom ons op 'n gemiddeld van 8% uit wat in werklikheid hoër is as die amptelike Inflasie koers.

Ons moet ook daarop let dat die totale uitgawes van die Munisipaliteit vir die jaar 2011/12 R2,063 per huishouding per maand beloop het. Die geskatte uitgawe per huishouding per maand word bereken op R3,549 vir die jaar 2019/20 – 'n styging van 72%.

Kom ons kyk nou na die vergelykende syfers aan die Inkomste kant. Die Munisipaliteit se maandelikse Inkomste per huishouding in 2011/12 was gewees R1,660 teenoor 'n uitgawe van R2,063 'n verskil van R403 per huishouding per maand. Hierdie verskil is deur die Munisipaliteit gedra. Vir die jaar 2019/20 word die verwagte maandelikse Inkomste bereken op R3,333 teenoor 'n uitgawe van R3,549 per huishouding. Ons kyk dus hier na 'n verskil van R216 ('n verlaging in die subsidie van net meer as 46%) per huishouding per maand. Hou in gedagte dat hierdie Inkomste slegs uit Dienste geld uit kom, daar is nie enige Toewysings (Grants) van die Sentrale of Provinsiale Regerings in berekening gebring nie.

Wat sê dit vir ons? Eenvoudig net dat die Munisipaliteit besig is om die gaping tussen sy Inkomste en Uitgawe Rekening al hoe kleiner te maak. Dit is nie noodwendig sleg nie maar dit gaan al meer druk op ons huishoudings plaas om meer te betaal vir die dienste wat gelewer word.

**Table 13 Operational repairs and maintenance**

WCO32 Overview and Supporting Table SA1 Supporting detail to 'Budgeted Financial Performance'

Description	2014/15	2015/16	2016/17	Current Year 2017/18			2019/20 Medium Term Revenue & Expenditure Framework		
	Audited Outcome	Audited Outcome	Audited Outcome	Original Budget	Adjusted Budget	Full Year Forecast	Budget Year 2019/20	Budget Year +1 2018/19	Budget Year +2 2017/18
<b>R thousand</b>									
<b>By Expenditure Item</b>									
Employment related costs	21 505	27 050	35 539	37 285	39 235	51 260	42 129	37 597	42 643
Other salaries	5 158	4 153	3 853	3 917	3 937	4 307	14 503	16 526	15 951
Contracted persons	22 500	27 749	32 675	34 151	36 491	44 161	25 134	21 722	28 625
Other Expenditure	31 772	56 261	72 912	79 345	79 345	79 316	26 167	28 250	23 663
<b>Total Repairs and Maintenance Expenditure</b>	<b>81 325</b>	<b>115 413</b>	<b>152 189</b>	<b>152 253</b>	<b>152 258</b>	<b>154 844</b>	<b>127 933</b>	<b>123 125</b>	<b>110 882</b>

EMPLOYEE RELATED COSTS:

Die styging in Personeel kostes is as volg:

2011/12 = 11,3%	R15,563 /30K HUISHOUDINGS P.J.	R519 /12 =	R43 P.M.
2012/13 = 76,4%	R27,460	R915	R76
2013/14 = 30,8%	R35,905	R1,197	R100
2014/15 = 12,2%	R40,285	R1,343	R112
2015/16 = 12,1%	R45,175	R1,506	R126
2016/17 = 5,8%	R47,787	R1,593	R133
2017/18 = 6,0%	R50,645	R1,688	R141
2018/19 = 22,1%	R61,838	R2,061	R172
2019/20 = 22,1%	R75,504	R2,517	R210

Hier moet ons weereens na die geskiedenis kyk en dan vra of die Begrote syfers vir die 2016/17 en 2017/18 Boekjare realities is. Waarom die groot uitgawes in die 2012/13 en 2013/14 Boekjare en dan die aansienlike daling in die daaropvolgende jare? Is dit gedoen in die lig van die naderende verkiesing en die feit dat daar 'n Verbruikers weerstand opgebou het?

Personeel koste ten opsigte van herstelwerk was in 2011/12 R43 per huishouding per maand. Die verwagte uitgawe vir 2019/20 beloop R210 per huishouding per maand. 'n Styging van R167 of 288% oor die periode van 9 jaar! Sal die Belastingbetaler kan volhou om hierdie druk te hanteer?

CONTRACTED SERVICES:

Kostes betaal aan Kontrakteurs is as volg bereken:

2011/12 = 11,3%	R12,320 /30K HUISHOUDINGS P.J.	R411 /12 =	R34 P.M.
2012/13 = 76,5%	R21,740	R725	R60
2013/14 = 50.3%	R32,675	R1,089	R91
2014/15 = 4,6%	R34,161	R1,139	R95
2015/16 = 3,0%	R35,194	R1,173	R98

2016/17 = 7,3%	R37,739	R1,258	R105
2017/18 = 5,6%	R39,865	R1,329	R111
2018/19 = 22,7%	R48,914	R1,631	R136
2019/20 = 22,9%	R60.116	R2,004	R167

Hier moet weereens gevra word wat die rede was vir die buitengewone kostestygings in 2012/13 en 2013/14. Daarna is daar 'n totale afplating te bespeur. Het die Munisipaliteit toe tot hul sinne gekom na die betoging in Kleinmond?

Ek kan nie glo dat uitgawes ten opsigte van Personeel en Kontrakteurs kostes so drasties gesny kon word sonder dat daar nie erns anders iets ingeboet is nie. Is hierdie kostes na ander bronne gekanaliseer? Is hierdie besparings die gevolg van beplanning wat na die betoging eerder afgestel of op die langtermyn geskuif is? Gaan dit ons nou nie weer voorkant toe in die hakskeen kom byt nie?

Die maandelikse koste afgebreek per huishouding ten opsigte van herstelwerk het in 2011/12 slegs R34 beloop. Die geskatte uitgawe vir 2019/20 beloop R167 of 391% meer!

EMPLOYEE RELATED COSTS + CONTRACTED SERVICES:

Die gesamentlike koste van hierdie twee afdelings is as volg bereken:

2011/12 = 11,3%	R27,883 /30K HUISHOUDINGS P.J.	R929 /12 =	R77 P.M.
2012/13 = 76,5%	R49,200	R1,640	R137
2013/14 = 39,4%	R68,580	R2,286	R191
2014/15 = 8,6%	R74,446	R2,482	R207
2015/16 = 8,0%	R80,369	R2,679	R223
2016/17 = 6,4%	R85,526	R2,851	R238
2017/18 = 5,8%	R90,510	R3,017	R251
2018/19 = 22,3%	R110,694	R3,690	R308
2019/20 = 22,3%	R135,378	R4,513	R376

Aangesien hierdie tabel aan die twee voorafgaande tabelle gekoppel is, geld die kommentaar onder die bogemelde twee opskrifte ook vir hierdie kombinasie van syfers.

Die bostaande tabel toon egter aan dat die verbruiker R77 per maand ten opsigte van arbeid moes opdok vir herstelwerk. Hierdie syfer verhoog na verwagting na R376 per maand in 2019/20. 'n Styging van R299 per maand of dan 388%.

Weereens moet ek die mening uitspreek dat die Munisipaliteit Kontrakteurs aangestel het om die werk te doen sonder dat die personeel verminder of herontplooï is.

As ons na die voorafgaande tabelle kyk moet ons vra hoe volhoubaar hierdie beleid van die Munisipaliteit kan wees?

Dit is my beskeie mening dat daar ernstig herbeplan sal moet word om die Munisipaliteit uit hierdie benarde situasie te bestuur. Die salaris perd is al holrug gery maar ons moet maar aanhou om te kla totdat die Munisipaliteit kennis neem van die erns van hulle swak of onbeplande aanstellings.

Maak nie 'n fout nie, ek het begrip daarvoor dat die dienste gelewer moet word. Daarmee saam moet mens ongelukkig ook voorsiening maak vir die betaling van lone en salarisse en selfs ook vir die dienste van kontrakteurs om sekere take te verrig waar die Munisipale werkers nie oor die nodige vaardighede beskik nie.

In die lig van die voorafgaande wil ek graag die volgende vergelykings maak:

**TOTALE UITGAWES TEN OPSIGTE VAN SALARISSE (INSLUITEND VERGOEDING AAN RAADSLEDE EN KONTRAKTEURS) AS 'N PERSENTASIE VAN DIE TOTALE INKOMSTE:**

	INKOMSTE	ARBEID	PERSENTASIE
2011/12	R597,482	R238,734	40%
2012/13	R703,871	R306,423	44%
2013/14	R736,376	R341,332	46%
2014/15	R810,548	R366,608	45%
2015/16	R908,211	R427,253	44%
2016/17	R973,373	R444,553	46%
2017/18	R1,028,569	R470,708	46%
2018/19	R1,110,854	R551,490	50%
2019/20	R1,199,723	R655,145	55%

Die totale koste van Arbeid is deurgaans meer as 40% van die totale Inkomste Begroting en die tendens is dat dit eerder styg as daal! Dit voorspel niks goed nie en sou ons aannames met betrekking tot die Inkomste en koste van Arbeid vir 2018/19 en 2019/20 net naastenby korrek is, het ons Munisipaliteit meer moeilikheid as wat hulle kan opgebruik!!

Die norm is dat die totale koste van arbeid nie meer as 30 – 35% in enige besigheid behoort te wees nie. Daar sal dus indringend na hierdie koste gekyk moet word!

In die lig van die huidige hoë salarisse van die Top Bestuur moet ons in die lig hiervan weereens die vraag vra: Hoe bekostigbaar is hierdie mense vir die Munisipaliteit.

Daar is tog mos nou net geen sin in om Bestuurders / Direkteure aan te stel teen sulke salarisse en dan oor 'n jaar of twee verder uit te vind dat jy jou besigheid se deure moet sluit omdat jy nie langer in die bedryf kan bly nie. Wanneer gaan ons Munisipaliteit dan hierdie somme begin maak en bietjie beplanning doen wat tot hul eie voordeel sal strek en nie tot voordeel van die Top Bestuur alleen nie???

Net vir ingeval die personeel belas met die vasstelling van die salarisse dit nie weet nie – daar bestaan nie iets soos “'n land van melk en heuning” nie! Betaal 'n realisties en bekostigbare vergoeding aan die personeel en red die Munisipaliteit. Indien u aangaan soos dit die afgelope paar jaar die geval was, sluit asseblief nou al julle deure en vra die Top Bestuur om ander werk te gaan soek. **ONS KAN HULLE NIE BEKOSTIG NIE!!!!**

Indien die Munisipaliteit 'n besigheid was, sou ek beslis twee keer gedink het voor ek geld in hulle besigheid sou belê!!!

Wat kan gedoen word om die probleem aan te spreek?

Om een spesifieke oplossing voor te stel gaan nie werk nie. Daar moet verskeie oplossings oorweeg en gesamentlik geïmplementeer word om hierdie probleem te bestuur tot op 'n vlak waar dit dan nie meer as 'n probleem gesien word nie.

Een “oplossing” kan wees om tariewe te verhoog. Soos reeds uitgewys word die Munisipaliteit gedwing om 'n al groter deel van sy Inkomste aan Arbeid te betaal. Verhoogde tariewe om hierdie koste van die Verbruiker te verhaal is dus voor die hand liggend. Met die huidige Verbruikers weerstand jeens die Munisipale tarief verhogings twyfel ek of dit die pad is wat die Munisipaliteit moet loop. Veral in die lig van die naderende verkiesing kan dit 'n ernstige probleem raak!

Iets meer prakties uitvoerbaar en meer permanent sou wees om die huidige Personeel se vaardighede te verhoog deur effektiewe opleiding. Hierdeur kan ons ons mense toerus met die nodige vaardighede om die werk by die Kontrakteurs oor te neem en daardeur dan ten minste die koste van die Kontrakteursvergoeding bespaar. Hierdie opleiding sluit lede van

die Raad en Top Bestuur in. As hulle soos sakemanne begin dink en doen sal dit met almal van ons beter gaan. Die kopskuif sal egter nie gebeur as hulle nie weet wat aan die anderkant van die grensdraad vir hulle wag nie!

Verder sal daar indringend gekyk moet word na die verhoging van die werkers se produktiwiteit. Dit is moontlik 'n term wat nie so bekend is in die Staatsdiens nie maar, glo my, dit kan 'n aansienlike besparing aan die uitgawe kant van die Begroting tot gevolg hê. Soos hierbo gemeld word daar tans 'n studie gedoen aangaande die produktiwiteit van die Munisipale Amptenare. Dit is 'n stap in die regte rigting. Implimenteer asseblief net die aanbevelings van hierdie studie vir sover dit enigsins moontlik mag wees. Dit kan net tot almal se voordeel wees! As 'n werker nie hierby wil inkoop nie, kry dan maar iemand anders wat bereid sal wees om te werk!

Nog 'n moontlikheid waaraan ek vinnig kan dink maar wat ek as absolute laaste uitweg wil voorstel, is om van surplus personeel ontslae te raak. Ons kan nie bekostig om dooie hout te dra nie! Dit sal ongelukkig bydra tot 'n hoër werkloosheid syfer. Jammer daaroor maar hou asseblief in gedagte dat, indien die Munisipaliteit hierdie surplus werkers in diens hou, verhoog hulle aan die anderkant armoede en al meer mense sal op 'n stadium in die toekoms moet aansoek doen vir deernishulp wat dan nog 'n verdere finansiële las op die Munisipaliteit sal plaas.

Indien hierdie besparings 'n werklikheid word, kan dit mos maar aan die Belastingbetalers deurgegee word om die nood in die geledere van die mense wie se getroue maandelikse bydraes om die Munisipaliteit aan die gang te hou en al die lekker salarisse te betaal, te verlig.

Net een versoek aan die Munisipale Amptenary op hierdie stadium: Hou asseblief op om die hand wat julle kos gee te byt!

'n Laaste bron van kommer is die feit dat lede van die Top Bestuur na bewering lewenslange werk kontrakte met die Munisipaliteit gesluit het. Dit is na my mening een van die grootste foute wat die Munisipaliteit nog gemaak het.

Ons werk almal hard en bereik 'n piek tyd in ons onderskeie loopbane. Daarna raak ons op die afdraende pad en presteer nie meer soos in die verlede nie. Wat word dan?

Hierdie amptenare kan dan nog in 'n kleiner munisipaliteit wondere verrig, veral in die lig van die ondervinding wat hulle in 'n groter munisipaliteit opgedoen het. In 'n groter munisipaliteit is hulle egter nie veel werd nie en slaag hulle dalk net daarin om dinge so min of meer aanmekaar te hou.

Sou dit met een van ons Amptenare gebeur, is daar net mooi geen manier waarop ons van hom / haar kan ontslae raak nie en moet ons maar tevrede wees om te sit en wag tot hy / sy aftree voordat ons weer volstoom aan die gang kan kom.

Dieselfde geld vir iemand wat nie opgewasse is vir die werk wat hy moet doen nie. Hierdeur sê ek nie ons mense is nie opgewasse vir hulle werk nie maar daar kan mos nou erns in die toekoms 'n verkeerde aanstelling gemaak word en wat dan?

Ek eis om te dink hoe nadelig so 'n situasie op die Begroting gaan inwerk!

Hier eindig my kommentaar en uiteensetting van die Operasionele Begroting.

**KAPITAAL BEGROTING:**

**1.6 Capital expenditure**

The following table provides a breakdown of budgeted capital expenditure by vote.

**Table 16 2015/16 Medium-term capital budget per vote**

Vote Description	2011/12	2012/13	2013/14	Cumul Year 2014/15			2015/16 Medium Term Revenue & Expenditure Framework		
	Audited Outcomes	Audited Outcomes	Audited Outcomes	Original Budget	Adjusted Budget	Full Year Forecast	Budget Year 2015/16	Budget Year +1 2016/17	Budget Year +2 2017/18
<b>Capital expenditure - Vote</b>									
<b>Multi-year expenditure - to be appropriated</b>									
Vote 1 - Council	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Vote 2 - Municipal Manager	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Vote 3 - Management Services	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Vote 4 - Finance	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Vote 5 - Community Services	-	-	5 010	1 758	3 645	3 565	70 438	3 510	3 000
Vote 6 - Local Economic Development	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Vote 7 - Infrastructure & Planning	-	-	-	-	-	-	7 000	3 000	3 000
Vote 8 - Precinct Services	-	-	-	-	-	-	-	-	-
<b>Capital multi-year expenditure sub-total</b>	-	-	5 010	1 758	3 645	3 565	70 438	3 510	3 000
<b>Single-year expenditure to be appropriated</b>									
Vote 1 - Council	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Vote 2 - Municipal Manager	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Vote 3 - Management Services	928	1 274	1 710	2 548	1 554	2 534	2 518	-	-
Vote 4 - Finance	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Vote 5 - Community Services	119 306	110 111	14 822	11 999	95 638	82 004	44 030	72 100	19 281
Vote 6 - Local Economic Development	-	645	-	-	-	-	-	-	-
Vote 7 - Infrastructure & Planning	12 354	31 424	48 518	12 230	15 400	15 402	10 820	10 000	17 000
Vote 8 - Precinct Services	645	-	-	-	-	-	100	-	-
<b>Capital single-year expenditure sub-total</b>	143 233	143 414	129 830	24 787	114 622	114 822	57 878	87 100	26 281
<b>Total Capital Expenditure - Vote</b>	143 233	143 414	130 840	26 545	118 267	118 387	58 316	94 610	101 281



Die totale Kapitaal Begroting lyk as volg:

2011/12 = 5,9%	R136,275 /30K HUISHOUDINGS P.J.	R4,543 /12 =	R379 P.M.
2012/13 = - 11,9%	R143,764	R4,792	R399
2013/14 = - 8,9%	R130,930	R4,364	R364
2014/15 = - 10,2%	R117,588	R3,920	R327
2015/16 = - 27,3%	R85,515	R2,851	R238
2016/17 = 10,6%	R94,606	R3,154	R263
2017/18 = 9,5%	R103,561	R3,452	R288
2018/19 = - 4,6%	R98,797	R3,293	R274
2019/20 = - 4,6%	R94,253	R3,142	R262

Uit die bogemelde berekenings blyk dit dat die Kapitaal Begroting vanaf 2011/12 tot met die geskatte berekening in 2019/20 gedaal het vanaf R379 per huishouding per maand tot R262 per huishouding per maand. Dit verteenwoordig 'n daling van 31% oor die periode.

In die lig van die Bevolkingsgroei wat die streek ondervind (7de grootste in die Land), moet daar noodwendig gekyk word na Behuising, Water, Krag, Vaste Afval en Riool. Dit plaas 'n enorme druk op die Munisipaliteit se reserwes en alhoewel daar Toekennings (Grants) van die Sentrale en Provinsiale Regerings aan die Munisipaliteit beskikbaar gestel word vir hierdie ontwikkelings, is ek tog van mening dat dit nie voldoende is nie. Daarmee saam gaan ook ander uitgawes soos bv. Ontspannings geriewe, Sekuriteit, Wetstoepassing, Bou van strate, Stormwater Dreinerings, Brandweer Dienste en dies meer.

Dit beteken dus dat die Munisipaliteit dan moet besluit of hulle die genoemde ontwikkeling gaan finansier, waarvoor hulle onder druk is, en of hulle die ontwikkeling gaan los en die bestaande Infrastruktuur onderhou of opgradeer. Tans reken ek hulle slaag tog daarin om die ontwikkeling gedeeltelik te finansier en aan die ander kant ook onderhoud aan die bestaande infrastruktuur te doen sowel as opgradering.

Nie een van hierdie aspekte kry egter die aandag wat dit behoort te kry nie en so raak ons al verder agter. Is ons dan nou op dieselfde paadjie as ESKOM waar ons nie voldoende onderhoud en opgradering kan doen nie? Dan gaan ons mos nou voorkant toe duur betaal as my berekenings reg is!

Wat sou die situasie oor 10 of 20 jaar van nou af wees as ons dit nie kan regkry om hierdie negatiewe groei na 'n positiewe groei om te skakel nie?